95/K

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

NELSON MTESHANE .................... Appellant

EN

DIE STAAT ........................... Respondent

Coram: E.M. GROSSKOPF, STEYN et EKSTEEN, ARR.

Verhoor: 24 Augustus 1990

Gelewer: 6 September 1990

U I T S P R A A K

EKSTEEN, AR. :

Die appellant in hierdie saak was op 2 Februarie 1988 voor die landdros van Nelspruit op twee aanklagtes van strafbare manslag aangekla. Albei die aanklagtes spruit uit ŉ motor-botsing wat op 28 Junie 1987 plaasgevind het, en waarin die twee persone in die aanklagtes genoem dood is. Dit is in die aanklagtes beweer dat die appellant die bestuurder was van ŉ motor-voertuig KB 1677 toe dit in botsing was met ŉ ander motor-voertuig JVL 489 T.

Die appellant het skuldig gepleit op albei aanklagtes. Hy is by sy verhoor verteenwoordig deur ŉ prokureur, Mnr. M.Z. Nyawo, wat namens hom ŉ verklaring

ingevolge die bepalings van Art. 112(b) van Wet 51 van 1977 ingehandig het. Die tersaaklike dele van hierdie verklaring lui soos volg:

"<u>Aanklag 1</u>: Ek pleit skuldig op hierdie aanklag teen my. Ek erken dat op 28 Junie 1987 en te Louis' Creek, in die streekafdeling van Noord-Transvaal ek wederregtelik vir Marika Botha gedood het terwyl ek die bestuurder was van motorvoertuig KB 1677 en genoemde voertuig toe in botsing met oorledene se voertuig was. Ek erken ook dat ek nalatig was deur voertuie verby te gaan teen aankomende verkeer waarna my voertuig met 'n aankomende motor met registrasienommer JVL 489 T gebots het, aangesien ek nie 'n behoorlike uitsig gehou het nie.

"<u>Ten opsigte van aanklag 2</u>: Ek pleit skuldig op hierdie aanklag teen my. Ek erken dat op 28 Junie 1987 en te Louis' Creek in die streekafdeling van Noord-Transvaal, ek wederregtelik vir Wessel Mathlaba gedood het terwyl ek die bestuurder was van motorvoertuig KB 1677 en genoemde voertuig toe in 'n botsing was met 'n voertuig met registrasienommer JVL 489 T was en die oorledene 'n passasier in my voertuig was.

.... / 3

Derdens, ek erken dat ek nalatig was deur motorvoertuie verby te gaan teen aankomende verkeer waarna my voertuig met ŉ aankomende motor met registrasienommer JVL 489 T gebots het aangesien ek nie ŉ behoorlike uitsig gehou het nie."

Die appellant het die inhoud van die verklaring bevestig, en hy is gevolglik skuldig bevind op albei aanklagtes.

Voor die oplegging van vonnis het Mnr. Nyawo namens die appellant en in antwoord op navrae deur die landdros die volgende verdere inligting verstrek, nl. dat die botsing in die nag plaasgevind het; dit nie by ŉ sperstreep gebeur het nie; en dat dit op ŉ reguit stuk pad gebeur het. Die landdros het hierop die appellant tot 3 jaar gevangenisstraf, waarvan 18 maande voorwaardelik opgeskort was, gevonnis.

Die appellant het hierna in hoër beroep gegaan na die Transvaalse Provinsiale Afdeling. Sy appèl is op 23 Mei 1988 in daardie Hof aangehoor en van die hand gewys.

Niks verder het in die aangeleentheid gebeur voor 18 Augustus 1988 nie toe 'n aansoek vir verlof om na hierdie Hof te appelleer, en 'n aansoek om kondonasie vir die laat aantekening van eersgenoemde aansoek, geliasseer is. Die redes vir appellant se versuim om betyds sy aansoek om verlof om te appelleer te bring, word in sy ondersteunende beëdigde verklaring soos volg uiteengesit:

"3

Die prokureur wat my appèl hanteer het, was mnr.

Moses Nyawo van die firma Moses Nyawo te Evander. Mnr. Nyawo het ook sommige van die regsaspekte van my besighede hanteer. My besighede is die volgende: 'n motorhawe by name Nels Garage geleë te Mooiplaas; 'n droogskoonmakery by name Eerste Hoek ook geleë te Mooiplaas en 'n boukontrakteursonderneming by name Nels Construction te Ka-Ngwane. Ongeveer gedurende die tydperk wat die appèl aangehoor sou word het ek besluit om nie meer van die dienste van mnr. Nyawo gebruik te maak nie, as gevolg hiervan het ek direkte kontak met mnr. Nyawo verloor.

4

Ek het mnr. Nyawo op verskeie geleenthede probeer kontak om vas te stel wat die uitslag van die appèl was. Ek het boodskappe by sy kantore gelaat en navraag gedoen oor die uitslag van die appèl. Op 10 Augustus 1988 het ek mnr. Nyawo by sy huis geskakel. Hy het my toe meegedeel dat die appèl van die hand gewys is.

5

Ek het daarna regsadvies ingewin en ek is geadviseer dat daar aansoek gedoen kan word om verlof

om teen die bekragtiging van die vonnis wat my opgelê is te appelleer. Ek is ook geadvisser dat die tyd waarbinne aansoek om verlof tot appèl gedoen moes word reeds verstryk het.

6

Ek wil met respek aanvoer dat die rede waarom ek buite tyd die aansoek om verlof tot appèl wil bring, nie te wyte is aan my nalatigheid nie, maar die gevolg is van omstandighede buite my beheer."

Hierdie aansoek het op 20 Oktober 1988 voor die twee Regters wat sy appèl aangehoor het gekom, en hulle het sy aansoek om kondonasie afgewys. Die appellant kom nou op appèl na hierdie Hof teen laasgenoemde bevel. Ingevolge die beslissings in S. v. Tsedi 1984 (1) SA 565 (A) en S. v. Absalom 1989 (3) SA 154 (A) het die appellant die reg om, sonder die verlof van enige Hof, na hierdie Hof te appelleer teen die afwysing van

sy aansoek om kondonasie.

Om in sy aansoek in die Hof _a quo_ te geslaag het, moes die appellant aangetoon het dat hy grondige redes vir sy versuim om betyds sy aansoek om verlof om te appelleer te bring gehad het, en dat daar redelike vooruitsigte van sukses by die appèl is. Die Hof _a quo_ het op albei hierdie gronde teen die appellant beslis, en, na my mening, was hulle ten volle geregverdig om tot so 'n beslissing te kom.

'n Aansoek om kondonasie is nie 'n blote formaliteit nie. (_Meintjies v. H.D. Combrinck (Edms.) Bpk._ 1961 (1) SA 262 (A) op 264 A.) Dit word van 'n applikant verwag om voldoende inligting voor die Hof te plaas teneinde die Hof in staat te stel om te besluit of die

versuim gekondoneer kan word. In die onderhawige geval gaan die aansoek mank aan verskeie ooglopende tekortkominge. Soos reeds daarop gewys is die appellant se appèl voor die Hof _a quo_ op 23 Mei 1988 afgewys. In sy aansoek voer hy aan dat hy eers op 10 Augustus 1988 hiervan bewus geword het. Sy verduideliking vir sy onkunde in die verband word ietwat enigmaties soos volg in sy versoekskrif weergegee nl.

> "Ongeveer gedurende die tydperk wat die appèl aangehoor sou word het ek besluit om nie meer van die dienste van Mnr. Nyawo gebruik te maak nie, as gevolg hiervan het ek direkte kontak met Mnr. Nyawo verloor."

Daar word nie gesê of die verbreking van sy verhouding met Mnr. Nyawo voor of na die aanhoor van die appèl geskied het nie, of wat presies bedoel word

met die bewering dat hy "direkte" kontak met Mnr. Nyawo verloor het. Hy kon blykbaar nog steeds vir Mnr. Nyawo gebel het of sy kantoor besoek het. Hy beweer dat hy "op verskeie geleenthede" probeer het om Mnr. Nyawo te kontak, maar hy gee geen verduideliking van wanneer of by hoeveel geleenthede hy hierdie pogings aangewend het nie, of waarom hulle onsuksesvol was. Uiteindelik, beweer hy, dat hy Mnr. Nyawo op 10 Augustus by sy huis geskakel het en die uitslag van die appèl verneem het. Weereens is daar geen verduideliking van waarom hy nie vroeër vir Mnr. Nyawo by sy huis probeer skakel het nie. Gesien die ernstige gevolge wat op die appellant gewag het by die afwysing van sy appèl is dit verbasend dat hy nie meer dringend navraag sou gedoen het nie.

Geen voldoende verduideliking vir hierdie versuim word verstrek nie. Dit is ook insiggewend dat geen stawende of verduidelikende verklaring deur Mnr. Nyawo self by die versoekskrif geheg is nie, soos verwag kon word. Die Hof a quo wys tereg daarop dat die appellant ŉ gesofistikeerde besigheidsman blyk te wees. As daar dus grondige redes vir sy versuim was sou ŉ mens ŉ breedvoeriger uiteensetting daarvan verwag het.

Wat die tweede oorweging by ŉ aansoek om kondonasie betref, nl. of daar redelike vooruitsigte van sukses op appèl is, meen ek ook dat die Hof a quo se bevinding dat sulke vooruitsigte ontbreek, geregverdig was. Die appellant se optrede om "voertuie", dws. meer as een voertuig, in die nag verby te steek

op 'n reguit stuk pad waar hy die ligte van die aankomende kar moes gesien het, kom vir my op growwe nalatigheid, indien nie roekeloosheid nie, neer. Dit was 'n mees gevaarlike optrede wat uitgeloop het op die botsing met die aankomende kar en die dood van twee persone. In hierdie omstandighede kan dit, ondanks die feit dat die appellant geen vorige veroordelings het nie, kwalik gesê word dat die opgelegde vonnis so buitensporig was dat hierdie Hof geroepe sou wees om daarmee in te meng.

Bygevolg word die appèl van die hand gewys.

J.P.G. EKSTEEN, AR.

E.M. GROSSKOPF, AR )
stem saam
STEYN, AR )